Luisterplan vir die bediening

Gemeentes en lidmate wat by die aanvanklike skryf van die luistersiklus betrokke was, het gevra dat ons benewens die voorstelle vir groepe, individue en gemeentes, 'n paar ander opsies vir gemeentes gee hoe om dié luistersiklus te gebruik in hulle bedieningsplanne of programme.

Uiteraard is dit belangrik dat mense wat die luistersiklus gaan gebruik eers deur 'n toerustingsessie gaan. Die luistersiklus boekie is spesifiek klein genoeg gehou om sommer in 'n Bybel te kan pas en voortdurend gebruik te word. Veral in die begin is dit dus 'n handige hulpmiddel en kan groeplede jou verduidelikings makliker volg.

Hier is sewe kreatiewe idees wat gemeentes kan gebruik:

---

1. Vir Bybelstudie-, klein- en selgroepe, wyksbyeenkomste, bidure, familiebyeenkomste of huisgodsdiens.

Die luistersiklus kan te enige tyd vir 'n kort 60-minute-geleentheid gebruik word, waar julle as gelowiges sáám die Bybel wil lees en die Here wil aanbid. Die Skrifgedeelte wat gekies word, kan aansluit by die Sondag se erediens, of by 'n boek of program wat julle gebruik.

- Gebruik stasie 1 en 2 om by die Here tot rus te kom. Vertel vir mekaar watter wanhoop, verwarring of hoop die week se gebeure by julle wakker gemaak het. Dink na oor die tyd van die kerkjaar en die boodskap wat dit vir julle het, of gebruik 'n uittreksel uit een van ons geloofsbelydenisse of uit 'n psalm.
- Lees dan by stasie 3 die Skrifgedeelte wat in die boek/program aangegee word.

- Wanneer julle by stasie 4 goed na mekaar geluister het, kan julle by stasie 5 alles lees en bespreek wat die boek/program oor die Skrifgedeelte te sê het. Julle kan ook dink aan ander wat nie daar by julle is nie en wat hulle oor dié Skrifgedeelte sou sê.

- Daarná kan julle stasie 6-7 deurwerk en ontvang wat die Here vir julle sê. Sluit by stasie 8 af met 'n gebed, of met 'n ander afsluiting wat in die boek/program aangegee word.
- Indien julle dit gereeld doen, kan julle by stasie 1 van die volgende geleentheid terugvoer gee oor wat julle intussen beleef het.

Vir 2008 word daar ook 'n spesiale boek vir families beplan (aan die hand van die luistersiklus) wat vir huisgodsdiens gebruik kan word. Bestel dit by Bybel-Media 0860 26 33 42. Meer inligting volg later.

Die luistersiklus word ook gebruik in die volgende uitgawes van die Leesroooster (BUVTON 021 808 3381) en die Woordwyser (Sinode van Oos-Transvaal 012 804 9543).

---

2. Vir persoonlike stiltetyd.

Jy kan jou normale stiltetydboek of Bybellees-program gebruik aan die hand van die luistersiklus.

- Gebruik stasie 1 en 2 om by die Here tot rus te kom, moontlik met 'n teks of aanhaling uit jou stiltetydboek.
- Lees dan by stasie 3 die Skrifgedeelte(s) wat in die boek/program aangegee word.

- Wanneer jy goed stilgestaan het by stasie 3, kan jy stasie 4 verbygaan en by stasie 5 alles lees wat die boek/program oor die Skrifgedeelte of onderwerp te sê het. Jy kan ook dink aan wat ander oor dié Skrifgedeelte sou sê.
- Daarna kan jy stasie 6-7 deurwerk en ontvang wat die Here vir jou sê. Sluit by stasie 8 af met 'n persoonlike gebed of een wat in die boek/program aangegee word.

Wees kreatief en gebruik die luistersiklus op verskillende maniere.

- Gebruik dit byvoorbeeld een keer per week volledig en bring só 'n n inspirende uur saam met die Here deur.
- Ander kere kan jy net stasie 1, 2 , 3 en 8 gebruik, en die volgende dag stasie 5, 6 en 7, met dieselfde Skrifgedeelte.

In 2007 is daar ook 'n boek spesifiek vir stiltetyd geskrywe deur Willem Nicol *God praat - leef luisterryk - vir stiltetyd* aan die hand van die luistersiklus wat die evangelie van Johannes deurwerk. Bestel by Bybel-Media 0860 26 33 42.

---

3. Vir kerkrade, kommissies (groepe, gemeentes, ringe of sinodes), diens-, leiers- of beplanningsgroepe.

Soos hierbo aangedui, kan die luistersiklus se breë bewegings sowel as die onderskeie stasies gebruik word om 'n geloofsonderskeidende gesprek met mekaar te hê.

- Doen stasie 1 en 2 om tot rus te kom.
- Vertel vir mekaar wat julle beleef in julle gebied. Gee 'n tyd van stilte dat elkeen kan oorweeg watter Skrifgedeelte die Here nóú op hul hart lê.
- Lees/deel dit dan met mekaar op dieselfde wyse as wat julle sou gedoen het met 'n voorafgekose Skrifgedeelte (stasie 3 en 4).
- Stasie 5 kan 'n wonderlike geleentheid wees om ander stemme (die onderskeie gemeenskappe waarin ons woon, verskillende tipes lidmate, verskilllende tipes

gemeentes, ander sinodale gebiede, ens) aan die orde te stel.

- Stasie 6 word 'n geloofsonderskeidende gesprek, waarin die Skrifgedeeltes weer gelees en die wyse waarop dit julle ruk en/of troos onderskei word.
- Stasie 7 en 8 is die plek waar besluite geneem en die impak daarvan verreken word, en waar meganismes in plek gestel word om ondersteunend te kan opereer. Waar dit gereeld gebeur, moet daar natuurlik by die volgende geleentheid se stasie 1 terugverwys word na die vorige geleentheid se leiding.

'n Refleksiegroep wat voortdurend met mekaar praat oor die wyse waarop die luistersiklus werk en gebruik word, kan baie werd wees, veral as so 'n aanpak 'n integrale deel word van 'n groep, gemeente, ring of sinode se werkwyse.

In 2007 is daar ook 'n boek spesifiek vir vergaderings geskrywe deur Frederick Marais *God praat - leef luisterryk - vir vergaderings*
aan die hand van die luistersiklus. Bestel by Bybel-Media 0860 26 33 42.

---

4. Vir eredienswerkgroepe.

Gebruik die Skrifgedeelte wat vir 'n spesifieke Sondag as preekteks gaan dien. Die tekskeuse kan volgens die groep se eie keuse of volgens die een of ander teksrooster wees:

- Woordwyser (Sinode van Oos-Transvaal - http://www.sinoos.co.za) maak die keuse van 'n Skrifgedeelte volgens die lectio continua-beginsel (werk bv stapsgewys deur 'n Bybelboek). Dié sinode het ook baie bruikbare Bybelskoolmateriaal wat by dieselfde webtuiste verkry kan word.
- Leesrooster (Buvton - http://academic.sun.ac.za/buvton of http://www.leesrooster.org.za) maak die keuse van 'n Skrifgedeelte volgens die

Bybeldele wat in die spesifieke tyd van die kerkjaar relevant is (bv Advent of Pinkster). Hulle gebruik die teksrooster wat wêreldwyd gebruik word en bekend staan as die Revised Common Lectionary (vgl bv by http://www.textweek.com).

Gebruik die eenvoudiger weergawe van die luistersiklus:

- Werk deur stasies 1-4 op die normale manier.
- By stasie 5 kan julle spesifiek dink aan hoe ander gemeentelede (of selfs mense in julle gemeenskap) na die Skrifgedeelte sou luister.
- Werk deur stasie 6 om te kan onderskei wat die één ding uit die gedeelte is wat die Here op julle hart lê en waarom die erediens gebou kan word.
- Wanneer julle dan by stasie 7 en 8 kom, kan julle meer spesifiek dink aan wat die moontlikhede is wat die Here vir die gemeente vir Sondag se erediens oopmaak, en hoe die gemeente daarop sou kon antwoord. Dit kan rigting gee aan die keuse van liedere, die verloop van die liturgie, die inskakeling van gemeentelede (getuienisse, bedieninge, gebede, ens) en die Woordverkondiging in die erediens.

Onthou om by die volgende geleentheid by stasie 1 met mekaar te deel wat julle ervarings tydens die vorige Sondag se erediens was (hoop én wanhoop!). Só kan ons ervaar dat ons weer ingenooi word om by God te kom rus en opnuut, met die oog op die volgende erediensgeleentheid, na Hom te luister.

Daar is 'n weeklikse eredienshulpmiddel (PowerPoint vir dataprojektors) wat die luistersiklus as vertrekpunt gebruik. Dit is beskikbaar by http://www.gemeentes.co.za.:

- *Luisterryke eredienste (kerkjaar)*
- *Luisterryke eredienste (alfabeties)*

---

5. Vir kategesegroepe.

Julle kan die normale materiaal wat vir die kategese voorgeskryf word as riglyn gebruik en die byeenkoms volgens die luistersiklus-metode inrig:

- Gebruik stasie 1 en 2 om by die Here tot rus te kom. Vertel vir mekaar watter wanhoop, verwarring of hoop die week se gebeure by julle wakker gemaak het. Dink na

oor die tyd van die kerkjaar en die boodskap wat dit vir julle het.

- Lees dan by stasie 3 die Skrifgedeelte(s) wat in die kategese-materiaal aangegee word.
- Wanneer julle by stasie 4 goed na mekaar geluister het, kan julle by stasie 5 alles lees en bespreek wat die kategese-materiaal oor die betrokke Skrifgedeelte of onderwerp te sê het. Julle kan ook dink aan wat ander wat nie daar by julle is nie oor dié Skrifgedeelte of onderwerp sou sê.
- Daarna kan julle stasie 6-7 deurwerk en ontvang wat die Here vir julle sê. Sluit by stasie 8 af met 'n gebed, of enige ander afsluiting wat in die materiaal aangegee word.

Indien julle dit op 'n gereelde basis doen, kan julle by stasie 1 van die volgende geleentheid terugvoer gee oor wat julle intussen beleef het.

---

6. Vir gesprekke met ander groepe (vir fasiliteerders)

Soos hier bo aangedui, kan die luistersiklus se breë bewegings sowel as die onderskeie stasies gebruik word om 'n geloofsonderskeidende gesprek met twee of meer groepe te hê.

Kies vooraf (of voor die sessie begin) 'n vaardige begeleier of fasiliteerder wat vir al die groepe aanvaarbaar sal wees. Die persoon sal veral vir stasie 3-8 verantwoordelikheid aanvaar.

Herinner mekaar aan die begin van die sessie aan die waardes wat ons in die Seisoen van Luister probeer vestig: leerbaarheid, vertroue, deernis en openheid.

Motiveer mense om hulle stories en waarnemings eerlik te vertel, sonder om ander partye af te kraak of te na te kom. Onthou, ons moet sélf eers luister sodat ander die ervaring het dat hulle gehoor word, vóórdat hulle dit sal regkry om ook na óns te luister en óns te verstaan.

- Gebruik stasie 1 en 2 om tot rus te kom. Wees sensitief daarvoor dat daar verskillende spiritualiteite sal wees en verskillende verwagtings by die mense sal voorkom. Gee ook aan verskillende leiers uit die groepe 'n kans om by die eerste twee stasies leiding te neem.
- Vertel vir mekaar wat julle onderling van mekaar beleef. Let daarop dat die stories vertel word sonder dat ander nou direk daarop reageer.
- Gee 'n tyd van stilte sodat elkeen kan oorweeg watter Skrifgedeelte die Here nóú op hulle hart lê. Lees/deel dit dan met mekaar op dieselfde wyse as wat julle sou gedoen het met 'n voorafgekose gedeelte (stasie 3 en 4).
- Stasie 5 kan 'n wonderlike geleentheid wees om ander stemme (die onderskeie gemeenskappe waarin ons woon, verskillende tipes lidmate, verskilllende tipes gemeentes, ander sinodale gebiede, verskillende gelowe, ens) aan die orde te stel.

- Stasie 6 word 'n geloofsonderskeidende gesprek, waarin die Skrifgedeeltes weer gelees en die wyse waarop dit julle ruk en/of troos onderskei word.
- Stasie 7 en 8 is die plek waar besluite geneem en die impak daarvan verreken word, en meganismes in plek gestel word om ondersteunend te kan opereer.

Waar dit gereeld gebeur, moet daar natuurlik by die volgende geleentheid se stasie 1 na die vorige geleentheid se leiding terugverwys word.

Vir 2007 is daar ook 'n boek spesifiek oor geloofsonderskeiding van moeilike en sensitiewe kwessies aan die hand van die luistersiklus geskrywe onder redaksie van Chris Jones *God praat - leef luisterryk - vir Gesprek oor sensitiewe kwessies (met DVD)* . Bestel by Bybel-Media 0860 26 33 42.

7. Vir retraites (interaktief of persoonlik)

Normaalweg sal 'n retraite se inkleding bepaal word deur die persoon wat dit gaan begelei. Maar die luistersiklus kan baie effektief gebruik word in die beplanning van 'n stil retraite sowel as 'n interaktiewe retraite.

- Gebruik aan die begin stasie 1 en 2 om tot rus te kom. Dit kan persoonlik gedoen word, óf as deel van 'n groep (interaktiewe retraite).
- Raak eenkant en alleen stil en skryf onder gebed en met diep nadenke die dinge neer wat op jou hart lê. Gee ruim tyd hiervoor.
- Begin dié dinge een vir een deurbid. Skryf veral Skrifgedeeltes neer wat in die proses deur die Here op jou hart gelê word.
- Kies dié gedeelte(s) wat jou die meeste aanspreek en lees dit persoonlik deur (hardop as dit kan). Volg die riglyne by stasie 3 om na die gedeelte te luister.
- Indien dit 'n interaktiewe retraite is, kan hierna weer saamgekom word om die Skrifgedeeltes met mekaar te deel. Vertel vir mekaar watter gedagtes, beelde of vrae daarin gehoor is (stasie 4).
- Indien daar van 'n stil retraite gebruik gemaak word met die opsie van 'n gesprek met 'n begeleier, kan dié sessie saam met die begeleier gedoen word.
- Stasie 5 kan 'n wonderlike geleentheid wees in 'n interaktiewe retraite om ander stemme (ook dié van die ander deelnemers aan die retraite) aan die orde te stel.

- In 'n stil retraite kan dit weer persoonlik of onder begeleiding gedoen word.
- Stasie 6 kan 'n wonderlike geloofsonderskeidende gesprek word by 'n interaktiewe retraite, waarin die Skrifgedeeltes wéér gelees en die wyse waarop dit julle ruk en/of troos onderskei word. By 'n stil retraite kan dit 'n gesprek met 'n begeleier of met die Here self wees.
- Stasie 7 en 8 is die plek waar besluite geneem word, persoonlik, saam met 'n begeleier, of as deel van 'n groep, en die impak en betekenis daarvan verreken word.

Hierdie wenke en nog vele meer verskyn in die eerste gedrukte produk vir die Seisoen van Luister: *God praat - leef luisterryk - vir begeleiers* .